**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL SG**
**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Funksionele Taalvaardigheid)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit **SES VRAE.**
- Volg die instruksies boaan elke **VRAAG.**
- Begin elke vraag op ’n **NUWE** bladsy.
- Nommer elke antwoord in die middel van die bladsy.
- Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A
**LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**
**LEESSTUK**

Lees die volgende **LEESSTUK** versigtig deur.

**MADONNA VAN DIE TOWNSHIPS**
deur Carla Calitz

1 Brenda Fassie is op 3 November 1964 gebore. Haar geboortenaam was Nokuzola en dit beteken ‘vredig’. Almal het geweet dat sy beroemd gaan word. Sy het ‘gesing’ toe sy gebore is en het nie geskree soos ander babas nie.

2 Haar ma het haar jongste dogter Brenda genoem na die Amerkaanse *country*-sangeres, Brenda Lee. Brenda het grootgeword in Langa in Kaapstad. Haar lewenslange vriendin, Namhla Manjezi, het ’n paar huise van die Fassies af gebly. Sy onthou hoe Brenda altyd ’n ster wou word. Toe sy vier jaar oud was, het sy mense gevra om haar te betaal om te sing. Haar ma, ’n verpleegster, het die sanggroepie, *Tiny Tots,* begin. Brenda en ’n paar kinders het daarin gesing. Op twaalf jaar het sy aan haar eerste talentkompetisie in Kaapstad deelgereem. Sy en Themba het die kompetisie gewen en R600 gekry.

3 Brenda se sterk stem het Gibson Kente se aandag getrek. Hy het Brenda gevra om na sy musiek-en-dramaskool in Soweto te kom. Sy het Johannesburg toe getrek. Voor Brenda twintig jaar oud was, het sy saam met groepe soos *Joy*, *Blondie and Papa* en *The Big Dudes* gesing. In 1986 het haar eerste liedjie, *Weekend Special*, haar bekend gemaak. Sy het ook die pa van haar enigste kind, die klawerbord-speler, Dumisani Ngobeni, ontmoet.

4 Brenda se sukses het haar familie se lewe beter gemaak. Sy het haar ma se huis reggemaak en geld vir haar ma, broers en susters gegee. Sy het ook straatkinders gehelp om kos en blyplek te kry. Haar ma is in 1993 dood en dit was baie swaar vir Brenda.

5 Haar seun, Bongani, (sy noem hom Bobo) het haar baie gehelp. Sy was baie lief vir hom en het 'n ateljee vir hom gebou by haar huis in Johannesburg. Op 'n foto van haar en haar seun het sy geskryf dat hy alles vir haar is en dat sy baie lief vir hom is.

**[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 13 Mei 2004]**

**INSTRUKSIES:**

- Nommer in die **MIDDEL** van die bladsy**.**
- Gee **SLEGS** die **ANTWOORD.**
- Jy hoef **NIE** die vrae in **VOLSINNE** te beantwoord **NIE**.

**VRAE:**

1.1 Wat was Brenda se ander naam? (1)

1.2 Hoe het die mense van geboorte af geweet dat Brenda beroemd sou word? (1)

1.3 Wat was die ooreenkoms tussen Brenda Fassie en Brenda Lee? (1)

1.4 Noem **EEN** vriendin wat Brenda goed geken het. (1)

1.5 Watter **DRIE** keer het Brenda gesing toe sy klein was? (3)

1.6 Watter werk het Brenda se ma gedoen? (1)

1.7 Wie het Brenda se stem ontdek? (1)

1.8 Hoekom het Brenda Johannesburg toe gekom? (2)

1.9 Saam met watter **DRIE** groepe het Brenda vroeg reeds opgetree? (3)

1.10 Watter liedjie het Brenda bekend gemaak? (1)

1.11 Wat was Bobo se pa se naam? (1)

1.12 Hoe het Brenda haar familie se lewe beter gemaak? (2)

1.13 Watter **TWEE** dinge het Brenda vir ander mense buite haar familie gedoen? (2)

1.14 Noem **TWEE** bewyse dat Brenda baie lief was vir haar seun. (2)

**(22)**

## VRAAG 2
## ADVERTENSIE

**INSTRUKSIES:**

- Begin die vraag op 'n **NUWE** bladsy.
- Lees die **ADVERTENSIE** versigtig deur.

> Op watter kanaal jy ookal is op DStv, dit is reg ...
>
> Maak nie saakwatter kanaal jy soek nie, jy kan net 'n knoppie druk en die informasie wat jy soek, is daar.
>
> Daar is soveel dinge om te doen:
>
> Wil jy weet wat het met jou sportspan gebeur? Gaan na SuperSport om uit te vind of hulle gewen of verloor het.
> Wil jy weet wat om more aan te trek? Gaan na die weerkanaal en dan sal jy weet wat die temperatuur sal wees.
> Weet jy nie wat om te doen nie? Op kanaal 45 sal jy baie speletjies kry om te speel.
> Het jy die nuus gemis? Op die nuuskanale kan jy alles sien wat in die wêreld gebeur het.
>
> **[Verwerk uit: *DStv-GIDS*, April 2003]**

**INSTRUKSIES:**

- Nommer in die **MIDDEL** van die bladsy.
- Gee **SLEGS** die **ANTWOORD**.
- Jy hoef **NIE** die vrae in **VOLSINNE** te beantwoord **NIE**.

**VRAE:**

2.1 Hoe kan jy die regte kanaal op DStv kry vir wat jy soek? Gee **TWEE** feite. (2)

2.2 Waar kan jy uitvind of jou sokkerspan gewen het? (1)

2.3 Hoe gaan jy weet of jy 'n warm baadjie moet aantrek? (1)

2.4 Dis vakansie en jy weet nie wat om te doen nie. Na watter kanaal sal jy gaan? (1)

2.5 Jy wil weet wat alles vandag in Amerika gebeur. Waar sal jy dit kan sien? (1)

**(6)**

## VRAAG 3
## STROKIESPRENT

**INSTRUKSIES:**

- Begin die vraag op 'n **NUWE** bladsy.
- Lees die **STROKIESPRENT** versigtig deur.

1. 2. 3. 4. 5.




6. 7.

**[Verwerk uit: *Rapport*, 28 Maart 2004]**

**INSTRUKSIES:**

- Nommer in die **MIDDEL** van die bladsy.
- Gee **SLEGS** die **ANTWOORD**.
- Jy hoef **NIE** die vrae in **VOLSINNE** te beantwoord **NIE**.

**VRAE:**

3.1 Watter **EEN WOORD** sê dat die selfoon nie aan Zits behoort nie? (1)

3.2 Waarom dink Zits dat sy vriend ook so 'n selfoon moet kry? (1)

3.3 Noem **VIER APARTE WOORDE** wat die gevoel van 'n selfoon beskryf. (4)

3.4 Kies die korrekte antwoord om die sin te voltooi.

Die tieners in prentjie 6 is besig om _________

A. vir mekaar totsiens te sê.
B. met mekaar te raas.
C. mekaar te groet.
D. mekaar te leer ken. (1)

**(7)**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [35]**

**b.o.**

AFDELING B

**VRAAG 4**
**OPSOMMING**

**INSTRUKSIES:**

- Begin hierdie vraag op 'n **NUWE** bladsy.
- Lees eers die volgende **INSTRUKSIES** versigtig deur.
  - Lees die volgende **VYF** paragrawe (4.1 – 4.5) versigtig deur.
  - Soek **TWEE HOOFGEDAGTES** uit elke paragraaf (4.1 – 4.5).
  - Skryf elkeen van jou tien hoofgedagtes in jou eie goeie volsin neer.
  - Skryf jou tien sinne puntsgewys onder mekaar neer.
  - Jou tien sinne moet altesaam nie baie korter of baie langer as 110 woorde wees nie.
  - Onthou om die getal woorde aan die einde van die opsomming aan te dui.
  - Jy sal gepenaliseer word as jy baie minder of baie meer as 110 woorde skryf.

**KLANKE UIT AFRIKA**

4.1 Musiekinstrumente.
Almal in Afrika het hulle eie musiek en ook hulle eie musiekinstrumente gemaak. Afrika se musiek en musiekinstrumente vertel iets van die mense. Musiek is baie belangrik by enige fees. By elke fees is ritme en danse deel van die feesviering.

4.2 Die marimba.
Die marimba kom van Wes-Afrika. Dit het verskillende plankies waarop jy slaan om klanke te maak. Daar is 17 tot 21 plankies. Die note is van hoog tot laag. Dit word baie by feeste gebruik. Die instrument is baie spesiaal en word vir konings gespeel.

4.3 Die jembe.
Die jembe is 'n trom uit Wes-Afrika. Die mense van ander lande hou baie van die instrument. Dis nie maklik om die jembe te speel nie. Om die instrument te verstaan, moet jy die kultuur van die mense verstaan. Die jembe word op spesiale tye gespeel soos troues.

4.4 Die kora.
Die kora lyk soos 'n groot kitaar met baie snare. Die mense in Afrika het dit self gemaak. Dit klink ook amper soos 'n kitaar. Hulle het 'n kalbas gevat en met leer oorgetrek. Vislyn is gebruik om die snare te maak.

4.5 Die tromme.
Die mense in Afrika hou baie van tromme. Die tromme word gebruik om 'n boodskap oor te dra. Die tromme word met die hande geslaan om verskillende klanke te maak. Dit word van hout gemaak en met velle oorgetrek.

**[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 4 Desember 2003]**

**(10)**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

AFDELING C
## FUNKSIONELE TAALVAARDIGHEID

**INSTRUKSIES:**
- Beantwoord **AL** die vrae.
- Begin jou antwoorde op 'n **NUWE** bladsy.
- Lees die vrae versigtig deur en voer die opdragte korrek uit.
- Die woorde wat in **HOOFLETTERS** gedruk is, is jou leidrade.

## VRAAG 5

**INSTRUKSIES:**
Lees die volgende paragraaf versigtig deur en voltooi daarna die paragraaf soos aangedui. **Skryf net die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.**

### VRIENDSKAP

Vriende deel al mekaar se **LIEF** en 5.1 (lewe; leed; lyding – kies die **KORREKTE WOORD**) ... . Vriendskap maak die lewe 5.2 (sleg – gee die **ANTONIEM**) ... en dit 5.3 (beteken; bedoel – kies die **KORREKTE WOORD**) ... baie, want jy word aanvaar. **ALLE** 5.4 (vriendskap – gee die **MEERVOUD**) ... is egter nie net goed nie, dit veroorsaak baie keer ook 5.5 (emosionele; emotionele; emosioneele – kies die **KORREKTE SPELLING**) ... **SWAARKRY**. Daarom moet jy 5.6 (weet; ken – kies die **KORREKTE WOORD**) ... of 'n vriendskap goed is vir jou of nie, want vriendskap kan jou ook uitput en 5.7 (baie moeg – **EEN WOORD**) ... maak. Vriende verskil, 5.8 (m.a.w. – **SKRYF UIT**) ... , die vriende 5.9 (met; vir; aan – kies die **KORREKTE WOORD**) ... wie jy buitelugdinge doen, is nie altyd die vriende vir wie jy van jou 5.10 (liefde + lewe – **EEN WOORD**) ... vertel nie. Jy ontmoet 5.11 (elke dag – **EEN WOORD**) ... vriende wat jou 5.12 (beïnvloed; beinvloed – kies die **KORREKTE SPELLING**) ... sonder dat jy dit agterkom. Vriendskap maak jou lewe 5.13 (ryk; ruik; reik – kies die **KORREKTE WOORD**) ... en kan jou 5.14 (help; hulp – kies die **KORREKTE WOORD**) ... om net altyd jou 5.15 (goed; beter; beste – kies die **KORREKTE WOORD**) ... te doen. 'n 5.16 (Spesiaal – gee die **KORREKTE VORM**) ... **VRIENDSKAP** is dié 5.17 (in + wat – **EEN WOORD**) ... **AL DIE KLEIN** 5.18 (dinge – gee die **VERKLEINING**) ... belangrik is. 'n Vriendskap wat partykeer moeilik is om te 5.19 (begryp – gee ? **SINONIEM**) ... is die vriendskap in 'n ernstige verhouding. Oor die eeue heen het vriendskap 'n belangrike rol gespeel, of jy nou 'n 5.20 (koning – gee die **VROULIK**) ... of 'n slaaf was en of jy nou 17 jaar oud of 5.21 (70 – **SKRYF UIT**) ... jaar oud is. 5.22 (Ons almal; Almal van ons – kies die **KORREKTE AFRIKAANS**) ... kyk na 'n 5.23 (verloof – die **KORREKTE VORM**) ... **PAARTJIE** en wonder 5.24 (wanneer; wanner; waneer – kies die **KORREKTE SPELLING**) ... dit ons beurt gaan wees.

**24÷2 = (12)**

## VRAAG 6

**INSTRUKSIES:**
Lees eers die sin / sinne in die blokke. Skryf daarna die sin / sinne oor soos aangedui sonder om die betekenis te verander. **Skryf elke keer die hele sin uit en onderstreep die gedeeltes wat jy invul.**

### DIE TOKSIESE VRIENDSKAP

6.1

> Vriendskap is ongesond en pynlik. Dit is toksies.

**WANNEER** 'n vriendskap __________ (1), __________ (1) toksies. (2)

6.2

> Johan sê: "My beste vriend maak my ongelukkig. Hy is altyd negatief.

Johan sê **DAT** __________ (3), **WANT** __________ (1). (4)

6.3

> Johan bly by die huis. Hy wil nie na sy vriend se klagtes luister nie. Hy maak altyd verskonings.

Johan bly by die huis, **OMDAT** hy __________ (1) nie, **DAAROM** __________ (1) altyd verskonings. (2)

6.4

> Sy vriend is negatief en morbied. Hy kla gedurig oor ander mense.

**NIE ALLEEN** __________ (2), __________ (1) hy is gedurig besig **OM** __________ (1) oor ander mense. (4)

6.5

| |
|---|
| Vriendskap beheer jou lewe. Jy het nie tyd vir jou eie dinge nie. Só 'n vriendskap is negatief. |

**DIE VRAAG IS**: "__________ (1) jou lewe?" Jy **SAL** __________ (1) en só 'n vriendskap is **NIE** __________ (2). (4)

6.6

| |
|---|
| Dit is jammer as vriendskap 'n mens oneerlik maak. |

Vriendskap **BEHOORT** 'n mens **NIE** oneerlik __________ (2). (2)

6.7

| |
|---|
| Vriendskap verander mense soms. |

**MENSE** __________ (3). (3)

6.8

| |
|---|
| Op skool gee vriende altyd om vir mekaar. |

Op skool **HET** __________ (1). (1)

6.9

| |
|---|
| Eerlikheid is belangrik in vriendskap. Vertroue is belangrik in vriendskap. |

**SOWEL** __________ (1) is belangrik in vriendskap. (1)

**[Verwerk uit: *Rooi Rose*, April 2004]**

**(23)**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [35]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**